Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: 012 3356806
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM

NUUSBRIEF 28/5/2021

BELANGRIKE COVID-REGULASIES

Soos in die media aangedui, blyk dit asof die land 'n derde golf van die virus begin beleef. Ten einde die skool so veilig as moontlik te hou, bring ons die volgende algemene probleme onder u aandag.

1. DRA VAN MASKERS EN HANDHAWING VAN SOSIALE AFSTANDE

Die dra van maskers is 'n nasionale wet wat afdwingbaar is. Enige persoon wat nie 'n masker dra, in 'n openbare omgewing nie, kan dadelik gearresteer word. Dit is kommerwekkend om te sien hoeveel leerders hierdie nasionale wetgewing minag. Leerders se maskers word voortdurend verwyder terwyl hulle nie sosiale afstande handhaaf nie. Die leerders is in die verband gewaarsku om aan die wetgewing te voldoen. Die volgende reëling word dus in plek gesit: **Enige leerder wat nie sy/haar masker behoorlik dra (oor die mond en neus) nie, sal huis toe gestuur word.** U as ouer sal geskakel word om die leerder te kom haal.

Verder is die handhawing van sosiale afstande 'n kernaspek vir die versekering van elke leerder, en personeellid, se veiligheid. Leerders neem die regulasie nie ernstig op nie. Hul gee gedurig drukkies en kuier in groepies. Dieselfde reël gaan toegepas word: **U as ouer word geskakel en die leerder word huis toe gestuur.** Graag doen ons 'n beroep op u as ouers om die ernstigheid van hierdie regulasies met u kind te bespreek. Dit is uiters belangrik dat alle leerders sover as moontlik veilig gehou word.

2. AFHAAL VAN LEERDERS NA SKOOL

Die Departementele regulasie is steeds geldend. Dit bepaal dat enige leerder, direk na skool, deur die ouers afgehaal moet word. Ons besef dat dit soms vir u moeilik is weens u werksure. Dit is egter uiters kommerwekkend dat leerders, na skool en buite die skoolhek deur vriende/kêrels opgelaai word, sonder dat enige Covid-19 protokolle nagekom word. Hier word heerlik drukke en soene uitgedeel, terwyl van die vriende selfs sigarette rook. Die skool en area rondom die skool is 'n rookvrye sone. Die Covid-regulasies geld ook buite die skool. **Indien so 'n leerder geïdentifiseer word, sal die leerder as 'n risiko-geval hanteer word, wat beteken die leerder moet isoleer tot 'n negatiewe Covid-toets getoon kan word.** Die skool se plig is om alle leerders te beskerm en 'n leerder wat so minagting vir die nasionale wetgewing toon, kan 'n risiko vir ander leerders wees.

3. POUSES

Verskeie skole het die voordeel van pouses gestop aangesien dit 'n risiko-omgewing vir die oordra van die Covid-virus is. Graag wil ons steeds aan ons leerders die geleentheid bied om gedurende pouses hul kos te geniet. Dit moet egter binne die regulasies plaasvind. Die leerders is op 26 Mei hieroor aangespreek en gevra om, wanneer hul pouse hou, steeds hul sosiale afstande te handhaaf, veral as hul besig is om te eet. Spreek asseblief ook u kind aan rakende hierdie gevaarsone en die hantering daarvan.

TEMA VIR 2021: LEEF VOLUIT MET DANKBAARHEID

VOORKOMSKONTROLE

Ouers moet asseblief toesien dat u kind se winterskooldrag reg is volgens die gedragskode soos uiteengesit in u kind se dagboek.
Hier is 'n klerebank op die skoolterrein, waar nuwe en goeie tweedehandse klere teen meer as billike pryse, te koop is. Maak gerus daarvan gebruik as u nie nou groot uitgawes kan aangaan nie.
Daar gaan volgende week voorkomskontrole gehou word. Leerders wie se voorkoms nie aan die voorkomsreëls voldoen nie, sal huis toe gestuur word, sodat u dit eers kan regstel.
Baie dankie by voorbaat vir u samewerking.

GROENTJIEKONSERT DVD

Die Groentjiekonsert DVD is hier! Die DVD's kan tydens voogperiode of pouse by me. Venter bestel word in O6 **OF** in haar kantoor. Die koste van die DVD beloop R50-00 en dit is kontantbetaling met bestelling.

STUDIEWENKE

Die toetsreeks is om die draai (17 Junie -29 Junie). Hierdie toetse dra 'n groot deel by tot die leerders se finale jaarpunt en daarom wil ons graag aan elke Wonnie 'n paar studiewenke gee:

- Beplan vooruit wanneer jy al jou voorbereiding van toetse gaan doen.
- Maak 'n kalender en dui aan watter vak, hoe lank en wat jy daagliks gaan leer.
- Stel vir jou doelwitte vir elke vak, wees gedissiplineerd en werk daarvoor.
- Kry 'n spesifieke area waar jy daagliks kan leer. Die area moet genoeg lig hê, georganiseerd wees en weg van die algemene geraas in die huis.
- Maak die omgewing waar jy leer, netjies. Jy kan nie binne chaos konsentreer nie.
- Plaas jou selfoon heeltemal weg, wanneer jy leer. Die liggie/geluide wat gedurig afgaan, is 'n aantrekkingskrag wat jy nie maklik sal kan teëstaan nie.
- Sosialisering met vriende is vir almal belangrik – besluit egter op 'n spesifieke tyd en tydsduur in die dag waar jul lekker d.m.v. jou selfoon kan kuier
- Beloon jouself na harde werk met ontspanningstyd. Doen dit egter soos volg: Verdeel jou studietyd in sessies van 25-40 minute. Neem 5 min rus en leer dan weer vir 20-40 min.
- Gebruik 'n taaklys waar jy kan afmerk soos jy vorder met jou leerwerk. Dit gee ook vir jou 'n beeld of jy betyds alles sal kan leer en of jy ekstra tyd in 'n spesifieke vak moet spandeer.
- Wees rustig indien jy 'n probleem nie kan oplos nie. Die onderwysers sal bereid wees om jou te help – kom vra gerus.
- Baie belangrik: Eet gesond en kry genoeg oefening sowel as rus.
- Wanneer jy iets nie verstaan nie, gaan terug na die vorige stap. Die kans is goed dat daar 'n konsep of term is wat jy nie heeltemal verstaan nie.
- Elke vak het unieke terminologie. Dit is baie keer die beginpunt om te verstaan. Soek die term, bv. "Verklaar"/ "Identifiseer" ens. op in die woordeboek. As jy die term verstaan, sal jy ook die vraag beter verstaan.

Ons kan nie wag om elke Wonnie se praguitslae te sien nie.

TOESTEMMING: DRA VAN SWEETPAKBAADJIE

Die winter is op hande. Die kleurbaadjie is volgens die Gedragskode verpligtend vir Graad 8-10. Ons het egter verskeie navrae van ouers gekry rakende die moontlikheid om sweetpakbaadjies ook te dra. Ouers het ook aangedui dat dit finansieel moeilik is om tans kleurbaadjies aan te koop. Ten einde dié ouers te ondersteun word daar toestemming gegee dat leerders in JUNIE en JULIE hul sweetpakbaadjie mag dra. Ons vra egter werklik u hulp: Slegs sweetpakbaadjies wat netjies, nie uitgewas en heel is, mag gedra word. Indien u 'n behoefte het rakende 'n baadjie, stuur asseblief 'n e-pos na hswb@wonnies.co.za.

COVID-19 GEVALLE

Dit is met absolute dankbaarheid dat die skool, tot dusver, minimale aanduidings van Covid onder ons leerders ervaar het. Tans is daar 1 leerder in Graad 8 en 1 leerder in Graad 12 wat positief getoets het vir Covid. Die departementele prosedure is in albei gevalle geneem, waar leerders wat in direkte kontak met dié leerders was (binne 1 m, sonder 'n masker) moet isoleer. Verder neem die skool steeds alle protokolle baie ernstig. Die leerders se hande word voor en na elke klas gesaniteer, terwyl oppervlaktes daagliks gesaniteer word.
Sterkte aan elke huisgesin wat die uitdagings rondom dié pandemie moet hanteer.

STAKING VAN KONTAKSPORT

Die departementele direktiewe dui aan dat kontaksport onmiddellik alle aktiwiteite rakende dié sporte / aktiwiteite moet staak.
Ons besef hoe belangrik oefening en deelname vir leerders is, maar moet binne die regulasies van die Departement van Onderwys optree.

Graag vra ons van leerders om sover moontlik steeds aktief te bly (self te draf en oefen), aangesien dit beslis bydrae tot elke leerder se gesondheid.

Sodra enige veranderinge in die direktiewe ontvang word, sal u dadelik ingelig word.

MNR LEZAR
SKOOLHOOF